# SA Boerperd
# Stêrhings-veiling: 16 Junie 2021

Tyd: 09:00 tot 17:00
Plek: WhatsApp

Registrasie as bieër:
saboerperd@studbook.co.za
WhatsApp 0825969333

ONDERSTEUNINGSDOKUMENTE:

- STêRHINGS KATALOGUS
- REGISTRASIEVORM VIR VOORNEMENDE BIEëRS

VERLOOP VAN DIE VEILING

1. REGISTRASIE AS BIEëR
   Slegs geregistreerde bieërs mag aan die veiling deelneem.
   Registrasie vir die veiling word op skrif gestel deur die registrasievorm op twee maniere te kan invul:
   i. Vul die vorm in en stuur per e-pos na die kantoor: saboerperd@studbook.co.za
   ii. Vul die vorm in, neem 'n foto, en WhatsApp na selfoon no.: 0825969333

   U registrasienommer waarmee u kan bie, sal aan u verskaf word.
   Registreer asb. voor 16 Junie 2021. Indien u wel later wil deelneem, kan u steeds die bg. prosedure volg. Hou in gedagte dat u nie die volle verloop van die proses sal kan sien as u later as 09:00 by 'n groep inskakel nie.

2. WhatsApp GROEPE
   Vir elke perd, word 'n afsonderlike WhatsApp groep, met die perd se naam, gestig. Alle telers word op die SA Boerperd WhatsApp groep, per skakel na elke perd se groep uitgenooi. U kan dan kies op watter groepe u ingeskakel wil wees deur op die toepaslike skakel(s) te klik. Belangstellendes wat ook wil bie, kan ook die skakel ontvang.
   i. Die groepe sal vooraf opgestel word, sodat u kan aansluit. Wanneer die groep se administrateur die 1ste bedrag van R2000.00 intik, kan die veiling begin.
   ii. Onnodige kommentaar sal verwyder word. Die groep is nie beperk tot bieërs nie, maar slegs geregistreerde bieërs mag bie.

3. PROSEDURE
   i. Daar word gelyktydig op al die perde gebie.
   ii. OM op 'n perd te bie, word die bieër se nommer, sowel as die bedrag wat hy offer, ingetik, bv. **No. 10. R5000.00 (Vyfduisend rand).**
   iii. Die intervalle waarteen gebie word, is vasgestel op R 500.00, en die openingsbod is R2000.00.
   iv. Die bod word op die **laaste/hoogste bod waarvan die WhatsApp tyd 17:00 aandui**, toegeslaan. Let wel: Die duur van die tydgleuf is 59 sekondes. **Aanbiedinge wat 17:01 inkom, sal geïgnoreer word**.

4. BETALING
   i. Indien die bod toegeslaan word op 'n lid van die genootskap, sal die lid se rekening met die bedrag gedebiteer word.
   ii. Indien die bod toegeslaan word op 'n nie-lid, moet daar binne 24uur bewys van betaling gelewer word (EFT). Indien die 'n persoon nie betaal nie, word die bod na die 2de laaste bod verwys.

Meer inligting:
Frikkie Combrink 0833242524 |Petro Grové 0825513221